

"DIE BLINKKLIPPIE"

WEEKLIKSE NUUSBRIEF VAN GEREFORMEERDE KERK POSTMASBURG

(Jaargang 20 - nr. 33.)



"Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."

Johannes 1:14

16 Augustus 2020

HARTLIK WELKOM!

Dit is waarlik n voorreg om weer vanoggend as gemeente saam die HERE te dien

EREDIENSTE VANDAG: Dr. Petrus Venter

Eerste diens: 9h30 (Vorbereiding)

LITURGIESE GEGEWENS

Skriflesing: Jeremia 18: 1 -17

Teks: Jeremia 18:6

Sing- VOORAF SANG: Ps 122: 1,2

TYDENS EREDIENS : Ps 18 :12,19 ; Ps 31 :4 ;

Ps 31 :12,15 ; Sb 2-2 (34) : 1, 3

ONS IS NIKS ANDERS AS 'N STUK KLEI IN GOD SE HANDE NIE

Hoe kyk die pessimiste en optimiste na ons tyd

Verstaan hoe God na ons kyk

Die Pottebakker wil iets met die klei bereik

Leerprediking 18h00

(Regstreekse internet-uitsending)

Skriflesing: Lukas 1:26-38; Mattheus 1: 18-25

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 14**

Teks: Lukas 1:35; Lukas 2:6-7; Mattheus 1:20-21,23

Sing- Ps. 135:1,4

DIE ONTVANGENIS EN GEBOORTE VAN JESUS CHRISTUS

1. Die besluit lê in God se ewige Raad
2. Hoe daar in die ou tyd hierop voorberei is
3. Hierdie geboorte geskied in die volheid van die tyd

Voorsang

Ps. 122 :1 ,2

Ontmoetingsdiens

Votum en seën

Lofsang: Ps 18:12,19

Belydenis van geloof

Verootmoediging- en versoeningsdiens:

Wet: Deuteronomium 5

Sing: Ps. 31:4

Gebed

Woorddiens

Sing: Ps. 31:12, 15

Skriflesing: Jeremia 18: 1 - 17

Teks: Jeremia 18:6

Preektema

ONS IS NIKS ANDERS AS 'N STUK KLEI IN GOD SE HANDE NIE

Liefdesdiens kollekte – In die banke DVB

By die deure – Bediening PMG

Sing: Sb. 2-2 (34): 1, 3

Wegstuurseën

KOLLEKTES

Vandag: 16 Augustus 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Bediening PMG**

Sondag: 23 Augustus 2020

In die banke: **Diens van barmhartigheid** By die deure: **Emeritaatsversorging**

U kan die SnapScan kode gebruik om u kollekte aan die diakonie af te dra ...



WYK – DIENSBEURT

Vandag – 16 Augustus 2020: Wyk 5

- **Ouderling:** Br. Jan de Kock
- **Diaken:** Br Dawie Schoeman
- **Wyksusters:** Sr Cecile de Kock
- Volgende week – 23 Augustus 2020: Wyk 6
- **Ouderling:** Br. Lukas Potgieter
- **Diaken:** Br. Michiel Burger
- **Wyksusters:** Sr. Mientjie Burger

MEELEWING

- Br. Jan Schoeman is nog in Bloemfontein. Ons dink aan hom in die rehabilitasie wat hy moet deurgaen en ook aan sr Magdalena en geliefdes in wat hulle saam met hom moet deurgaen en hom ook moet bystaan. Die pad na herstel is in die Here se hande. Ons vertrou is dat uitkoms wel daar sal wees.
- Die doopdatum van diak Barend en sr Anita Snyman se verbondskindjie is vir eers verskuif na einde Augustus, hangende ook die reëlings rondom inperking en die Covid-vlak waarbinne ons dan sal wees.

VERJAARSDAE

Saterdag 15 Augustus Ferdi Nel, Tristan Viljoen

Donderdag 20 Augustus Sonja Viljoen

Saterdag 22 Augustus Hettie Booyens

Mag u 'n geseënde nuwe lewensjaar ingaan met die volle oortuiging dat ons tye is in die Here se hande.

GROENWATER-NUUS

Ons dink aan hierdie gemeente en vertrou as tye nog weer meer na normaal kan teruggaan ons hulp en konsulent bediening ook weer daar meer konkreet sal word. Daar is nog bepaalde uitdagings in die lig van die Corona-virus wat herbesin en nuut oor gedink sal moet word.

KERMIS

Geen spesifieke kermis-datum vanjaar. Kermis kommissie is met innoverende planne besig.

Heerlike **vleispasteie** by die Kerkkantoor beskikbaar. Groot rond R65 en Klein pasteitjies (10) R45

ALGEMENE KERKNUUS

GKSA NUUSBROKKIES

Gaan laai gerus nuusbrokkies van ons webwerf af. Die jongste beroepenuus en vele meer is daarop beskikbaar soos weekliks aan ons deurgestuur. U kan dit van ons webwerf aflaai by:

<http://bit.ly/2SxThy0>

Die bevestiging van **proponent Hanno van Schaik** sal op Sondag, 23 Augustus 2020 by GK Burgersdorp plaasvind. Die bevestiging word deur sy vader ds Joop van Schaik van GK Randburg hanteer. Ds Hanno van Schaik lewer daarna sy intrepreek.

DANKOFFERS

U kan die Bybelse beginsels en dit wat 'n prinsipiële uiteensetting van die opdrag tot 'n dankbaarheidslewe en dit wat ons dankoffers moet wees, van ons webwerf aflaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2D0uRqf>

Laat ons asseblief met die nodige erns wat ons voor die Here hiermee moet werk dan wel hieraan aandag gee. Al is ons in bitter swaar tye met ekonomiese werklikhede so negatief as kan kom moet ons dankbaarheid voor die Here altyd eerste staan.

KATEGESE

Al die werk en ons roosters is op ons webwerf onder katkisasie gelaai. U kan dit aflaai by <http://bit.ly/2KhypYe>

Ons versoek die Laerskool-ouers om waar al die werk aan hulle beskikbaar is op ons webwerf dat hulle met hulle kinders die werk sal behandel en dat die katkisasie gewoon voortgaan. U kan dit alles by bogenoemde skakel aflaai. Ook die Psalmsang wat ons poog elke weeksoggend deur te gee bied ook geleentheid dat die kinders ook die Psalms hoor en kan die inhoud daarvan met hulle gedeel en verduidelik word. Ons wil graag deur die Psalms hiermee gaan.

Hoërskool – kategeese sal voortaan plaasvind soos aan die ouers en ons katkisante deur WhatsApp ooreengekom. Daar word 'n les deur YouTube opgelaa; daar word ook vrae aan die les toegevoeg en Maandae moet die vrae skriftelik beantwoord wees dat opvolg van werk by volgende opname op Dinsdae ook gedoen kan word. Ons kom hierdie week by Les/Week 9

DORKAS- SUSTERS

Daar is in hierdie noodtyd werklik 'n groot behoefte en tekort aan skoonmaakmiddels by Huis Jan Vorster, soos tandepasta, seep, sjampoe, prep.

Die Dorkas Susters wil net elke Susters wat reeds 'n bydrae gemaak het bedank. Suster Lizzette Kotze het haar dank uitgespreek vir elke bydrae wat hulle ontvang het.

BYBELSTUDIE

Ons het 'n nuwe reeks Bybelstudies in die gemeente begin. **Ons kyk na verskillende gebede vanuit die Here se Woord.** Dit alles word elektronies gedoen. **Ons kom hierdie week by Jakob wat vir die Here bid en sê ... *ek sal u nie los nie ...* (vgl. Gen. 32: 1-32).** Die video en klankgreep van die opnames word so ver moontlik versprei, in ons gemeente maar ook op die groep – *Die Woord verby die duine ...*

GLOmedia TV

Die GKSA en die NHK het saam ons eie TV-platform geskep om goeie Christelike programme op professionele TV standaard te vervaardig. Hoewel die vervaardiging eers vanjaar begin het, is baie ure en baie soorte programme vir jonk en oud reeds beskikbaar. Programme word weekliks bygevoeg.

Ondersteun die inisiatief deur na www.glomedia.tv te gaan en aan te sluit. Kyk ook na roterende kennisgewingbord voor die erediens vandag begin ...

PRETORIA FM OPNAMES (MAAK MY U WEË BEKEND)

Uitsendings word op Sondag om 17h00 uitgesaai. Luisteraars kan in Postmasburg en in die grense van ons gemeente inskakel op TV oudiokanaal 887. Dr. Venter is ook om die beurt 'n deelnemer op die program. U kan ook deur die internet luister by <http://www.pretoriafm.co.za>. Daar is ook webgrepe (potgooie) van die program op Pretoria FM se webwerf. U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2NuDyOX>

KERKKANTOOR

Ons begin weer kyk na 2021 se kalender. Ons vra as daar enige inligting is wat jul as gemeente op die kalender wil byvoeg of enige veranderings en of voorstelle. Skakel asb die Kerkkantoor op Maandae, Woensdae, Vrydae tussen 09:00 – 13:00

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Wyk 8 en wyk 9 is die volgende twee maande op die predikant se huisbesoek-beplanning. Hy sal met u skakel dat die huisbesoeke kan voortgaan.

ETIESE SAKE

Daar is 'n nuwe afdeling op ons webwerf bygevoeg met die bedoeling dat ons as gelowiges toegerus mag word om oor hierdie sake weer grondig na te dink en om onself daarvoor te verantwoord. Dit sluit in ou sake maar wat nuut oor gedink moet word. Onder andere ons beskouing oor ons huwelikslewe en gesinslewe. Dit gaan ook oor saamwoon vóór die huwelik... U kan daarna gaan by <http://bit.ly/2Q0Ccw1>

KERKRAADSAKE

VERGADERINGS:

Ons volgende Kerkraadsvergadering vind DV Woensdag 19 Augustus plaas

KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Postmasburg

Posbus 74 Postmasburg

E-pos: admin@gksa-postmasburg.co.za

Tel: 053 313 3710

Landlyn Pastorie: Tel: 053 313 0571 **Nuwe selnommer 064 558 7204** (Oue werk ook nog!)

Kerkkantoor ure: Maandae, Woensdae en Vrydae 9h00 – 13h00

Predikant	Dr. Petrus Venter	084 704 2348	ds@gksa-postmasburg.co.za
Skriba	Oudl. Albertus Viljoen	082 808 4168	skriba@gksa-postmasburg.co.za
Admin Beampte	Sr. Koos Fick	082 821 2736	admin@gksa-postmasburg.co.za
Voorsitter: Diakonie	Diak.Dawie Schoeman	082 782 2537	dawie@xmedia.co.za
Koster	Br. Louis Calitz	083 775 3058	076 147 6772
Kassier	Oudl. Lukas Potgieter	079 695 0555	lukaskathu@gmail.com

Ons gemeente se webwerf en facebook-blad is soos volg:

<http://www.gkpostmasburg.weebly.com>


<http://bit.ly/2Ydk7wK>

STATISTIEKE VORIGE SONDAG

Erediens bywoning	28
Bydrae: Sustentasië GKSA	339.00
Bydrae: Diens van Barmhartigheid	1050.00

GEREFORMEERDE KERK BANKBESONDERHEDE – ALLE REKENINGE BY ABSA

Rekening	Rekeningnommer
Alle bydraes (Dankoffers)	2130-3400-35
Diakonie	2130-28-0008
Dorkas-susters	407-382-6782
Kermisinbetalings	90-9779-4784
Steak-ete inbetalings	91-4771-8016



Berigte vir Blinkklippie moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na admin@gksa-postmasburg.co.za